

12 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 3:6-15 (NAV)

Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 3:13

## Moenie moeg word om goed te doen nie

Die gemeente in Tessalonika is bemoedig om volhardend te wag op die wederkoms van Christus deur hulle van leeglêers te onttrek en nie moeg te word om goed te doen nie. Paulus beklemtoon hierdie opdrag in vers 11: “As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie.”

Die brief aan die Tessalonisense wil hulle vermaan om met vertroue uit sien na Christus se wederkoms. Om met vertroue uit te sien, beteken dat elkeen daaglik aktief besig sal wees en dat daar nie geleentheid is om leeg te lê nie. Die inwoners het ’n verkeerde siening hieroor gehad. Met verwysing na hulle eie optrede bepleit Paulus ’n leefwyse waar hardwerkendheid en ywer sigbaar is. Die inwoners was immers gewoond aan die besige stad waar elkeen dag en nag aan die gewoel en gewerskaft onderwerp is.

Ook met betrekking tot ons geloofsluwe verwag die Here ywer en inspanning. Elkeen moet vir sy eie onderhoud sorg en nie op ander teer nie. Niemand moet vir ander ’n las wees nie.

Met sodanige optrede wou Paulus seker maak dat die gemeente God eer en verheerlik. As kerk moet dieselfde gesindheid openbaar word. Die kerk bestaan om diensbaar te wees. In afwagting op Christus se koms, word elkeen opgeroep om:

- Jou aandag by jou werk te bepaal
- Nie leeg te lê nie
- Jou eie brood te verdien
- Mekaar tereg te wys soos ’n broer
- Nie moeg te word om goed te doen nie

Met hierdie optrede ontstaan ’n gerigte fokus by lidmate. Deur hierdie riglyne toe te pas, ontstaan daar ’n nuwe werketiek en bereidwilligheid om jou eie belange ondergeskik aan God se eer en jou naaste se welwese te stel.

Teenoor die wêreld wat sy eie belange vooropstel, bring die Christelike geloof ’n vars bries van vernuwing en vervulling. Die lewe kry sin as ons elke geleentheid aangryp om goed te doen en in ’n gesindheid van liefde ons broers en susters vermaan. Om nie moeg te word om goed te doen nie, begin in my eie huis en omstandighede waarna dit uitkring en almal met verwagting laat uitsien na die verskil wat gelowiges bewerk.

Moet daarom nie moeg word om goed te doen nie!

Sing: Psalm 128:1, 4 (Totius)

Ds PJ van Blerk (Rustenburg-Wes)